

# Manje, die Skoenlapper



Deur Ismi van Niekerk

## Manje, die skoenlapper

Biem-bam-boem, Manje verander in 'n ... skoenlapper!

Op lowergroen gras lê 'n dogtertjie op die naat van haar rug en maak patrone met die wolke in die lug bokant haar. Haar naam is Manje. Sy het 'n spesiale talent waarmee sy haarself binne 'n oogwink in enige iets waaraan sy dink, kan verander. So dink sy byvoorbeeld aan 'n kat. Hoe die kat lyk: wollerig en spelerig. Sy konsentreer ook oor die tipe kos wat die kat eet, soos muise, melk en vis. Dan hoor sy in haar gedagtes die miaauw!-geluid wat die kat maak; en dan "biem-bam-boem! met sterretjies wat om haar kop zoem", verander sy in 'n vet huiskat wat luilekker in die sonnetjie uitgestrek lê. Omrede sy nie boeties of sussies het om mee te speel nie, gebruik sy haar spesiale talent vir vermaak.

Op 'n dag nooi een van Manje se klasmaats haar na 'n partytjie waar almal soos een of ander dier moet aantrek. Manje besluit om as 'n vreesaanjaende leeu te gaan. Sy het nie nodig om 'n dierekostuum te koop nie, sy kan sommer dink aan hoe 'n leeu lyk en dan in een verander. Sy begin toe ook sommer lank en hard dink aan hoe 'n leeu lyk met sy goudbruin maanhare, sy kwispelstert en groot pote. Sy dink aan wat leeus eet en sluk, want hulle eet amper enige tipe vleis. "Sal dit nou mensvleis ook insluit?" dink sy. "Nee, kom ek dink eerder aan al die diere wat nie sommer met die leeu sal mors nie. Ek moet ook dink aan die manier hoe hy brul dat dit so binne-in jou borskas weerklank. Graauw!" Nie te lank daarna nie ... "biem-bam-boem!, met sterretjies wat om haar kop zoem", verander Manje in 'n groot, gevaarlike leeu.

Manje, die leeu hardloop op vier veerligte pote na haar maat se huis toe. By die huis aangekom, gaan lê sy plat in die gras en bekruip die maatjies. Sy sluip tot amper voor hulle en met een groot gebrul, spring Manje uit die gras en oorrumpel een van die kinders so speel-speel. Wel, volgens haar was dit net speel-speel, maar die maats by die partytjie het gou agtergekom Manje dra nie 'n leeukostuum nie! Een het nogal ewe braaf nadergekom om die leeu se maanhare te streef, maar sien toe die groot pote en skerp naels wat na hom kap en maak dat hy wegkom.

Al gillende hardloop die kinders die huis in op soek na veiligheid en slaan die deur agter hulle toe. Bang gesiggies loer deur die vensters om te kyk of die gevaar al verdwyn het. Manje is so teleurgesteld, want haar kostuum is beslis die beste van almal s'n. Sy het ook nie bedoel om hulle skrik te maak nie. Sy sal gou-gou in iets anders moet verander. "Ek moet sommer weer gou 'n kat word sodat ek teen almal se bene kan skuur en hulle met my oulikheid bekoor," dink Manje. Maar, die keer gaan daar iets fout met die veranderingsproses. Manje verander nie elke keer presies in die dier waaraan sy dink nie, en "Biem-bam-boem! met sterretjies wat om haar kop zoem",

verander Manje in 'n vaal streepmuis.

Manje, die muis, skarrel rats deur 'n klein gleufie in die deur die huis binne. Gelukkig is die kinders die keer nie bang nie en will hulle graag met die oulike muisie speel. Dit is egter nie net die kinders wat met die oulike muisie wil speel nie. In 'n sonhoekie lê die regte kat van die huis en lek sy lippe af vir die sappige stukkie vleis op vier bene. Die kat gee een groot sprong en beland voor die verskrikte muis, met tande en kloue wat gereed maak om die muisie in een hap te verslind. Manje woerts uit sy kloue en met die kat kort op haar hakke hardloop sy muis deur die huis, van kamer tot kamer, van hoekie tot hoekie en van kas tot kas op soek na 'n veilige plekkie waar sy vir die kat kan wegkruip.

Uiteindelik kry Manje 'n gleufie in die plankvloer en duik daarin. Haar asem jaag en haar hartjie bons wild. Sy loer deur die gleufie van die plankvloer en probeer haarself so klein as moontlik maak, maar al wat sy sien, is die kat se skerpe geel tande en krom kloue soos hy probeer om haar by die gleufie uit te krap.

Manje moet nou vinnig dink aan hoe om haarself uit hierdie penarie te kry. "'n By!'", dink sy. "Ek moet myself in 'n by verander, dan kan ek die kat op sy neus steek!" Sy knyp haar ogies styf toe, hou haar asem op en dink aan hoe 'n by lyk. "Dis geel en swart met vlerke en 'n angel. Bye maak 'n zoem-zoem-zoem-geluid en dra heuning aan van die blomme na die korf." O, wee! Manje is te ongeduldig en konsentreer nie meer net op een ding nie. "Biem-bam-boem! met sterretjies wat om haar kop zoem", daar verander sy nie in 'n geel-en-swart gestrepte by wat nektar van blommetjies maak nie, maar in 'n grilligerige groen brommer! Manje klap haar vlerkies so vinnig soos sy kan en swiep-swiep so zoemme-zoem deur die huis. "Mmm, lekker verjaardagkoek!" Die versiersuiker aan die koek ruik en lyk so lekker, veral met haar veelvuldige oë, dat sy afduik tot op die koek en begin proe aan die pienk suikerrosies daarop. Die mamma van die huis sien die vlieg sit op die partytjekoek en grill so dat sy summier die vlieëplak gryp en wild in die rigting van die vlieg begin slaan. Pienk suikerrosies spat in alle rigtings soos Manje probeer wegkom van die vlieëplak. Die mamma van die huis gryp sommer 'n blik giftige spuitgoed en hardloop agter die vlieg aan, al spuitende en slanende.

Manje vlieg blitsig by die huis uit, oor die grasperk, reguit in die rooi posbus in die voortuin. Daar gaan lê sy uitasem op 'n pak briewe. "Hierdie partytjie ontaard nou in 'n nagmerrie!" hyg sy en snak na asem. "Hoe sal ek tog hier uitkom? Ek sal myself seker in 'n poskaart moet verander en hoop iemand pos my. Nou moet ek konsentreer. Ek kan nie nog so 'n verleentheid en gevaarlike situasie oorleef nie." Manje druk haar oë styf toe en het 'n groot frons op haar voorkop soos sy begin om die poskaart in haar gedagtes te sien. Sy sien die vier hoeke van die poskaart, die adres agterop geskryf, die kartelrandjie van die seël van lande oorsee, en die boodskap wat met 'n pen daarop geskryf is. Sy voel hoe lig die poskaart is, sy konsentreer lank om 'n prentjie daarop te

kan sien en dink: "Hopelik is dit nie meer te lank nie of die posman sal kom en my na my huis toe pos." "Biem-bam-boem! met sterretjies wat om haar kop zoem", daar verander sy in 'n poskaart met die volgende boodskap daarop geskryf:

"Pos my asseblief huis toe."

"Jippie! Ek het dit reggekry!" Manje is so gelukkig. "Nou moet ek net lê en wag."

Die mamma van die huis, wat tot 'n rukkie gelede nog probeer het om Manje met 'n vlieëplak by te kom, loop nou posbus toe om die pos uit te haal. Sy kyk eers na die mooi prentjie voorop die poskaart en toe na die adres en boodskap agterop, maar verstaan ongelukkig nie die boodskap nie en frommel die poskaart op en gooi dit in die asblik. Manje raak nou bang en haar lyfie voel sommer so styf soos sy probeer om haar opgefrosmelde lyfie weer reguit te maak. Dit is stikdonker hier waar Manje in 'n swartsak in 'n vullisblik sit. "Gaan ek ooit weer by my huis uitkom?" wonder sy moedeloos.

Die reuk in die vullissak is oorweldigend en Manje begin vreeslik hoes. Die mamma hoor die gehoës, maar omdat die geluid so sag is, dink sy dis 'n brommer of ander insek wat in die sak is. Sy besluit om die swartsak buite op die sypaadjie te gaan neersit sodat die vullisverwyderaars van die munisipaliteit dit kan kom optel en na die ashoop ver buite die dorp kan neem. Manje, die poskaart, is nou baie hartseer, na aan trane en bitter alleen. Sy besef sy sal weereens in iets moet verander as sy nie vir altyd op die ashoop wil beland nie. Sy dink en dink. "Miskien moet ek myself in 'n krokodil verander sodat ek met een hap die sak kan stukkend byt. Of dalk moet ek myself in 'n skêr verander. Ag, maar hoe kan 'n skêr self knip? Iemand sal my moet vashou," dink sy desperaat. "Ek weet! Ek moet verander in 'n skoenlapper en sodra iemand die sak oopknoop sal ek so vinnig soos mes verby sy kop vlieg en vry wees. Nou is my laaste kans. Ek moet nou mooi dink." Manje probeer om aan al die eienskappe van 'n skoenlapper te dink, maar sy is so moeg en hartseer, dat sy nie mooi kan dink nie. Sy dink aan 'n skoenlapper met mooi gespikkelde vlerke wat van blom tot blom vlieg en nektar opsuig. Sy sien hoe lyk die twee voelers, die ses beentjies, die vier vlerke en die opkrultongetjie, maar voor sy verder kan dink, ruk iemand die vullissak oop. "Biem-bam-boem! met sterretjies wat om haar kop zoem", daar verander Manje in 'n vet, groen ruspe!

Die persoon wat die sak oopgemaak het om te sien wat daarin is, knoop dit weer vinnig toe en gooi dit agterop die vulliswa. Vir 'n lang ruk sit Manje, die ruspe, net doodstil en luister na die geluide daarbuite. "Ek is op pad na die ashoop. Ek moet nou slim wees." Manje, die wurm, besluit toe om van die afvalkos in die swartsak te begin eet sodat sy vinniger kan groei. Heel eerste begin sy knaag aan 'n stuk appel. "Knars-knars-knars." Daarna eet sy die laaste bietjie van 'n wortelslaai wat onder 'n ou stuk brood lê. Manje is so besig om te eet dat sy amper verstik toe die vullissak deur die lug trek en karplaks! op die vullishoop land. Die sak skeur oop en daar spoel Manje uit op 'n see van

afvalkos. "Ek moet net aanhou eet." Manje het 'n plan. Sy het nie nou tyd vir enige iets anders as eet nie.

Vinnig begin Manje se lyfie baie rond te span, maar sy prop net meer kos in haar mond. Sy eet die skil van 'n pampoenskil, die sagte binnekant van 'n piesangskil, verlepte blaarslaai, maar die lekkerste van alles is die verwelkte blommerangskikking. Sy smul so lekker aan verlepte blare, daarna eet sy die stingels en toe sy naby aan baie versadig raak, forseer sy nog die kroonblare van die blomme ook in. Manje gaan lê eenkant onder 'n stukkie karton vir beskerming. "Ek wil darem nie nou hê 'n voël of ander insek moet my sien en hul lippe aflek vir my nie." Kort voor lank, verander Manje in 'n papie en spin haarself toe in 'n kokon met die mooiste sydrade. Veilig in die kokon wag sy nou geduldig totdat sy in 'n mooi skoenlapper - of dalk 'n mot - verander. "Ek sal maar moet wag en sien!" lag sy knus toegevou in die kokon.

Niemand steur hulle aan die geel vormpie wat veilig en beskut onder die stukkie karton lê nie. So het dae verbygegaan en al het die son baie warm gebak op die ashoop en al die kos laat verrot, Manje was veilig weggesteek. Op 'n dag begin dit reën. Eers net sagte fyn druppels wat alles op die ashoop sopnat gemaak het, maar toe volg daar 'n wolkbreuk en verspoel alles op die ashoop. Skille, papier, plastiekhouders en ou lappe het in 'n sterk stroom in die stormwaterpype afgevloei Manje, in die kokon, het gelukkig nie nat geword nie, maar sy het baie vinnig saam met die water na 'n yslike groot dam beweeg. Die meeste van die vuilgoed het tot teenaan 'n sifdraad gespoel waar werkers dit verwyder het om weer na die ashoop te neem, maar Manje se kokon het tussen riete in die vlakwater vasgespoel. Een van die voëls wat daar naby nes gemaak het, het afgeswiep, die mooi kokon opgepik en na die nessie wat hy so pas gebou het, geneem. Die kokon sou hopelik vir die wyfievoël so mooi wees dat sy instem om in die mannetjie se nessie te bly.

Na wat gevoel het soos 'n ewigheid, begin die kokon op 'n dag van binne af beweeg. Eers van links na regs, toe van bo na onder totdat daar 'n klein skeurtjie in die kokon vorm. Manje se lyfie is bietjie styf na die lang stil lê, maar die gedagte aan vryheid por haar aan om harder te probeer loswikkel. Die allermooiste skoenlapper begin nou haar vlerke spreid. "Waar is ek?" sê sy terwyl sy om haar rondkyk. Sy sien vier klein, grys eiertjies, maar ook twee dun bene wat so half bo-oor hulle staan. "Ek is in 'n voël nes! Dit moet die voete van die mamma van die eiertjies wees," sluk sy haar woorde amper in soos sy besef in watter gevaar sy haarself bevind. "As die wyfie my sien, sluk sy my heel in!"

Manje, die skoenlapper, spreid haar veelkleurige vlerke en maak seker hulle is sterk genoeg om te vlieg, terwyl sy op haar tone uit die nessie sluip en op die rand gaan staan en diep asemhaal. "Nou!" skree sy van pure opwinding voordat sy spring en vir 'n paar sentimeter loodreg af na die water toe val. Net voor haar voelers die water raak, swenk sy na bo en begin haar vlerke klap. "Oe! Kyk na my! Ek vlieg!" Manje is so

opgewonde "Ek is vry!" Sy vlieg oor die dam, bo-oor paaie, bome, parke, en huise. Die hele dag vlieg sy om bome, onderdeur voertuie, maak draai- en swaaibewegings in mense se tuine en kom tot rus op 'n wit blommetjie tussen die gras om van die heerlike nektar te drink. Sy kom orent om mooi te luister. Sowaar dis stemme! "Manje, waar is jy? Kom in, ons wil eet." Dit is haar pappa en mamma wat na haar soek! Manje kyk om haar, vryf haar oë, en slaak een groot sug van verligting. Sy het sowaar op die gras aan die slaap geraak en gedroom van leeus, muise, vlieë, poskaarte, wurms en vlinders. Ai, Manje - wat 'n droom.

Maatjie, waarin sou jy wou verander as jy kon? Dalk 'n monster wat jou ouers die skrik op die lyf jaag die volgende keer as hulle jou dwing om jou boontjies te eet, of dalk 'n voël wat hoog en vry saam met die wind sweef? Besluit maar self, maar moenie ophou droom nie, want wie weet, dalk word jou droom waar.